



Formele Assessering

Taak 2 (b)

Naam en
van:

GR.8E__

AFRIKAANS GRAAD 8 EAT

TRANSAKSIONELE TEKS: TYDSKRIFARTIKEL

Eksaminator: M. Swanepoel

Tyd: 2 PERIODES

Moderators: C. van Niekerk en L. Nagel

20 PUNTE

+1 oriënteringsperiode: Verduidelik metode en verwagtinge van opdrag.

Lees die volgende instruksies versigtig deur:

1. Lees die opdrag baie versigtig deur.
2. Dit sal tot jou voordeel wees om netjies en leesbaar te skryf.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die redigeringspoging as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
5. Gebruik asseblief 'n blou pen en redigeer jou foute met 'n kleurpen.
6. Trek 'n potloodlyn aan die regterkant van die bladsy en moenie daarin skryf nie.
7. Jy moet 'n beplanning, eerste poging en finale poging skryf. Daar moet 'n bewys van redigering op jou eerste poging wees.
8. Tel en skryf jou woorde neer aan die einde van elke weergawe.

OPDRAG

Skryf 'n tydskrifartikel van 120-140 woorde oor die gebruik van tegnologie deur tieners vir 'n punt uit 20. Kyk na die prente op bladsy 44 as visuele stimulus vir jou artikel.

Hou die volgende wenke ingedagte:

- KISS → skryf kort, informatiewe paragrawe in gewone Afrikaans.
- Maak die visuele prentjies relevant in jou koerantberig.
- Jy mag van subopskrifte gebruik maak, bv. Selfone, Elektroniese speelgoed, Rekenaars, Skootrekenaars. 2-3 sinne onder elke subopskrif is omtrent standaard.
- Moenie oor onnodige goed skryf nie. Moenie onnodige detail insit nie. Ons is geïnteresseerd in "Die gebruik van tegnologie deur tieners", nie in stories oor wat mense met tegnologie doen nie.
- Dink aan die volgende wanneer jy beplan:
 - Wie is jou gehoor? Skryf jy vir ouers of tieners of onderwysers?
 - Wat interesseer jou oor die onderwerp?
 - Watter gedagte/punt sien mense gewoonlik nie raak nie?
 - Wat wil jy hê moet mense weet oor die onderwerp?
 - Jy moet passievol voel oor jou onderwerp, want jy moet ander mense ook soos jy laat dink.

| |
|---|
| Wie is jou gehoor? Skryf jy vir ouers of tieners of onderwysers? |
| |
| Wat interesseer jou oor die onderwerp? |
| |
| Watter gedagte/punt sien mense gewoonlik nie raak nie? |
| |
| Wat wil jy hê moet mense weet oor die onderwerp? |
| |
| Wat is jou standpunt? |
| |